Waterkruik

JAARGANG 58 NO 46 21 November 2021

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---Pretoria
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=19

EREDIENS VANDAG

Ds. Gerben het naweekverlof.

Ons verwelkom graag vir dr. Douw Breed wat vandag beide eredienste sal lei. Dit is altyd vir ons aangenaam en 'n voorreg om na u te luister.

DIENSBEURTE

Oggend: Wyke 10 & 11
Oudle. Alwyn Rossouw
Piet Malan
Diakens: Peter van der Poel
Wico Swanepoel
Max Lange

Aand: Wyke 12 & 13
Oudle: Johan van Staden
En Kuyper
Diakens: Kobus Nel
Ewald Landsberg

KOLLEKTES

Diakonale kas: ABSA: Diakonie, Spaar Rek. No. 9139785681
Kerkkas: ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand. Rek. no. 000 340 685

PROGRAM VIR DIE WEEK
Donderdag: 09:30
Bybelstudie afsluiting in die kerksaal

TEESKINK

Dankie aan wyke 4 en 18 olv Irma Koekemoer en Marna Horn en die altyd vrywillige instaanders wat vanoggend tee skink.

PARKERING

Daar is tydens die oggenderedienste ‘n wag buite die kerkterrein om die motors op te pas asook veilige parkering in Langestraat by die skoolterrein. Die parkeerruimte by die skool het ‘n hek wat tydens die erediens gesluit is.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here, die Bron van vrede, self altyd en op elke manier vir julle vrede gee." 2 Tessalonisense 3:16

Vandag
Br. Gerhard Vermaak 082 552 7602
Sr. Marie Vos 076 089 0277

Maandag 22 November
Br. Herman Bonnet 071 871 2288
Philippa Stronkhorst(4) 083 675 3198

Dinsdag 23 November
Sr. René J v Rensburg 083 675 3198
Br. Jano Smith 074 646 1123

Woensdag 24 November
Br. Maarten Kotze 083 454 5310

Donderdag 25 November
Kaylin Keyser (6) 083 450 1975
Sr. Anika le Roux 082 901 6167

Vrydag 26 November
Sr. Carene v d Merwe 082 773 7829

Saterdag 27 November
Br. Edward Engelbrecht

Hartlik geluk aan sr. Marie Vos wat vandag haar 88ste verjaardag vier. Ons bid u die Here se rykste seën toe vir die nuwe lewensjaar en dat u gesond en gelukkig mag wees.

MEELEWING

Ons dink in besonder aan al die skoliere en studente wat op die oomblik besig is met eksamens. Ons bid dat die Here julle helderheid van verstand en krag sal gee om julle beste te kan lewer.

"Mag dié God julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid!"

Heb.13:21

KOOR-OEFENING

Die koor oefen vanmiddag van 16:30 en Saterdag 27 November van 16:00 tot 18:00.

AFSLUITING HOËRSKOOLJEUG

Hoërskooljeug, onthou die datum! Julle afsluitings-funksie vind volgende Vrydag 26 November by Roné Josling se huis plaas. Julle gaan lekker swem en braai van 16:00 tot 19:00. Meer besonderhede sal per WhatsApp aan julle gestuur word.

ATTESTATE

Jacs en Debbie Lemmer verhuis na Somerset-Wes en vertrek met attestaat na Stellenbosch gemeente. Mag die Here julle seën in die nuwe gemeente en ook in julle nuwe tuiste.

ROEPING AS AMPSDRAERS

Die volgende broeders en suster is op Woensdag geroep om as ampsdraers te dien:

As ouderling: Brs. Theunis Tredoux, Hennie Steenkamp, Johan Reynders, Jaco Lindeboom, Loutjie Coetzee, Gerhard Vermaak en Jantus van der Linden.

As diakens: sr.Marianna du Plessis, brs. Eddie Engelbrecht, Hanno Steenkamp, Herman van Heerden, Jannie Erasmus, Jan-Louis van der Walt , Ian de Villiers en SD van Heerden.

Ons vra u voorbidding vir die suster en broeders met hulle oorweging van die amp.

LIGAAMLIKE VERSTERKING NA GEESTELIKE VERSTERKING

Verlede Sondag het die diakens dit weer vir ons moontlik gemaak dat ons as broeders en susters in die geloof te kon saamkuier in die binnehof nadat ons geestelik versterk is deur die herdenking van Jesus se dood met brood en wyn.

Dit was 'n vrolike, geestelik versterkte groepie wat heerlik buite onder die afdak aan tafels gesit en kuier het. Terwyl die geregte reg gemaak is, het ons genoeg tyd gehad vir lekker gesels met glasies in die hand.

Die reuk van die Lasagne wat warm word, het ons vinnig nader laat staan toe ons kon gaan opskep. Ons het gesmul aan heerlike lasagne, slaai en vars broodjies met smeergoed. Dit as afgerond met roomys met verskillende souse.

Die band van medegelowiges in Waterkloofrond Gemeente is weereens op so manier versterk. Kom beleef dit volgende keer saam.

Dankie aan die diakens en almal wat bygedra het tot die sukses van die oggend.

KERSPROGRAM EN -ETE

Broeders en susters, agter die skerms is heelwat mense besig om aan ons Kersprogram en -ete te beplan. Dit gaan 'n uithaler oggend wees waar ons met woord en lied Jesus se geboorte herdenk. Dit vind plaas op Sondag 28 November direk na die erediens.

Die program gaan bestaan uit koorsang olv Santefilie Kuyper, samesang, instrumentuitvoerings, 'n solis en voorlesings. Alles deur ons eie talentvolle gemeentelede.

Daarna gaan u getrakteer word met iets te ete wat deur die susters voorgesit gaan word.

Kom woon dit asseblief by en word weer versterk in u geloof en die gemeenskap van gelowiges.

GEWOONTES IN BYBELSE TYE – huise (1)

Toe die semi-nomadiese Israeliete onder Josua die dorpe en stede in Kanaän ingeneem het, het hul wonings ook oorgegaan van tente na huise. Die Kanaäniete was toe reeds 'n sterk gevestigde bevolking en die Israeliete kon baie van hulle kultuur oorneem. Ons kennis van die huise van hierdie tyd berus hoofsaaklik op die vondse van argeologiese navorsing.
Ook huise is beskou as 'n gawe van God, en nadat 'n huis voltooi is, is dit ingewy (Deuteronomium 20:5)



'n Eenvoudige huis van die Bybelse tye. Let op die dakbalke wat tangs die kant van die mure uitsteek, asook sekere produkte wat op die dak uitgedroog word. Daar is ook 'n klein venstertjie in die muur en trappe aan die buitekant**.**

Huiskonstruksie

Huise is gebou op 'n fondament van ongekapte klippe. Baie van hierdie fondasies word vandag nog deur argeologiese opgrawings gevind. Die huise van die behoeftiges was baie eenvoudig en het gewoonlik uit slegs een reghoekige vertrek bestaan met 'n ingang in een van die lang sye. Die *mure* was dik en is van modderstene of ruklip gebou. In Galilea was die klip gewoonlik swart basalt en aan die kus was dit geel sandsteen; in die res van die land in die kalksteengebied was die klip wit. Die mure was baie rof gebou en

daar kon selfs ongediertes daarin skuil (Amos 5:19). Verder was daar nisse in die mure waarin daar kos of ander gebruiksartikels gebêre kon word. Die *vloere is* van klei gemaak wat vasgeslaan is. In sommige gevalle is die vloere 'n dun lagie kalkpleister gegee.

Die *vensters* was gewoonlik baie klein. Eintlik was dit niks anders as vierkantige of reghoekige openinge in die muur nie. Glasvensters soos ons dit vandag ken, het nie destyds bestaan nie. Hierdie vensters het soms traliewerk voor gehad (Spreuke 7:6; 2 Konings 1:2) om indringers uit te hou. In die winter is die traliewerk bedek met 'n vel of een of ander vorm van gordyn. Omdat vensters oop gate in die muur was, moes hulle klein wees om koue uit te hou, en ook om veiligheidsredes.

Die *deur* na buite (gewoonlik was daar net een), is met 'n grendelslot gesluit. Aan die onderkant het die deur op 'n pen geskarnier wat in 'n gat in die drumpel gedraai het; aan die bokant het die pen in 'n gat in die latei gedraai. Daar is egter etlike huise, selfs uit die tyd van Dawid, gevind waar daar beslis geen aanduidings in die latei of die drumpel is dat daar 'n deur was nie. Waar daar meer as een vertrek in 'n huis was, was daar bloot *ingange,* maar geen deure nie.

Die *beligting* in die huis was nie baie goed nie, vanweë die feit dat daar net een deur na buite was, en omdat die vensters baie klein was. Dit verklaar waarom die vrou wat die penning verloor het, 'n lamp opgesteek het om die penning te soek (Lukas 15:8). So 'n olielampie het gewoonlik op 'n staander gestaan sodat dit meer effektief kon wees (Matteus 5:15). Die mense het dikwels saam met hulle diere in een vertrek geslaap.

Prof Hennie Stander

SNIPPERS

KOEKIES VIR KERSFEES

Die dames van die Kameeldrift gemeente het heerlike koekies gebak. Koffiekoekies, vlakoekies, soetkoekies, klapperkoekies en hawermoutkoekies.
Die opbrengs van die koekies gaan oa aan spesiale skole vir gestremdes en sorgbehoewende kinders.

Bestellings kan geplaas word by
Susan Fourie 082 745 4117, Marina van't Zand 072 596 3107.
R120 per kg of R65 per 500g
Bankbesonderhede:
Rek Naam: Susters Gerf Kerk Kameeldrift : ABSA
Rek no 1430810088: Verwysing: Koekies en jou van.

EREDIENSTE TYDENS VAKANSIE

Besoekers na **Port Alfred** en omgewing gedurende die Desembervakansie – Eredienste op Sondae om 09h00. Kontakpersone: Ds Roelie Aucamp (046) 654 0106/083 654 9190 of Bert Venter (046) 654 0272/082 451 2426.

GHOLFDAG TEN BATE VAN PRES KRUGER KINDERHUIS, PRETORIA.

'n Fondsinsameling gholfdag op Donderdag 17 Februarie 2022 by die Waterkloof Gholfbaan aangebied deur Marianna du Plessis en Kleinskuur Akwaponiese Boerdery ten bate van ons Kinderhuis in Pretoria.

Die inisiatief is om fondse in te samel om die hidroponiese- en akwaponiese stelsel by die kinderhuis te installeer, en om `n meerdoelige funksie te verrig nl. selfversorgend te wees in die voorsiening van varsprodukte en vis vir eie gebruik, en terselfdertyd verantwoordelikheid, dissipline, terapeutiese en beroepsgerigtheid in die hidroponiese stelsels vir die kinders, te ondersteun.

Die 1ste fase van die hidroponiesestelsel beloop R370 000 en sal, na installasie, deur die Kinderhuis op eie versoek self onderhou word, met ondersteuning en advies van Kleinskuur Akwaponiese Boerdery. Die Kinderhuisbestuur het die Hidroponiese stelsel self ondersoek as `n manier om in hul vraag na bekostigbare varsprodukte en vis te kan voorsien, en met die groter doel voor oë, om indiensopleiding aan van die kinders met belangstelling in die stelsel, moontlik te maak. `n Program is in plek gestel wat die kinders ondersteun in beplanning, begroting en bemarking van die stelsel en met die oorskot opbrengs wat verkoop word vir inkomste vir fondse benodig vir kampe, toere ens, te gebruik.

Borge, finansiële steun en 4-bal inskrywings tydens die gholfdag word verlang. Die Kinderhuis kry `n gratis Watergat, wat vir hul eie inisiatief kan gebruik word om fondse op die dag te kan insamel.

Navrae en belangstelling: Organiseerder - Marianna du Plessis, 063 076 9135.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT
Ds. Gerben Meijer
062 279 4469
MONUMENTPARK

SKRIBA
Wico Swanepoel
084 588 5654

ATTESSKRIBA
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OUDL SKRIBA
Corrie Skinner
082 494 0309

VOORSITTER DIAK
Arie Hoogenboezem
082 785 0804

ORRELIS
Ansie Wichmann
072 605 8675

e-pos kerk: nwgkw@telkomsa.net
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER
Hein Wichmann 082 873 3569

WEEKKOSTER
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOORURE
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE